## 2025

# LIGBRON AKADEMIE

## GRAAD 8 INLIGTINGSTUK







LIGBRON
ERMELO
FACTA NON VERBA









# Liewe Graad 8-ouer

Baie welkom by die Liggie-familie. Of hierdie u eerste tree in die Liggie-omgewing is en of u dalk 'n lang Liggie-pad agter die rug het, ons glo dat 2025 'n Liggie-belewenis sal inhou wat vir u en u gesin vol vreugde en seën sal wees.

By Ligbron vorm die leerders, die personeel en die ouers die unieke hartklop van die skool en saam is ons 'n gedugte span wat ons leerders voorberei vir die volwasse wêreld. Dit is vir ons belangrik dat die graad 8-leerders van die begin af sal tuis voel en inval by die vinnige, prettige Liggie-pas. Hier gebeur baie dinge op een slag - ons tempo is een van opwindende, voluit-vorentoe hardloop, die toekoms tegemoet. Ons missie is om aan elke leerder die geleentheid te bied om sy en haar volle potensiaal te bereik. Hier leer ons om die suksesse, maar ook die teleurstellings van die lewe met grasie te hanteer, sodat elkeen van die graad 8's van 2025 in 2029 hulle skoolloopbaan op 'n hoogtepunt kan afsluit.

Die volgende vinnige vyf jaar in u kind se lewe gaan propvol en besig wees. Maak seker dat u kind van die begin af inskakel by die skool se aktiwiteite, al is dit as ondersteuner. Ligbron Akademie spring ook sommer dadelik weg en daar word hard gewerk om seker te maak dat elke geleentheid maksimaal benut word. Die graad 8's leer die skool, die klasse en die onderwysers in 'n oogwink ken. Hier op Liggie-bodem word onmeetbare kreatiwiteit, effektiewe kommunikasie, ontelbare buitemuurse aktiwiteite en geesbou-momente aangebied om elke Liggie sosiaal, geestelik en emosioneel te laat groei. Daar word saamgewerk om seker te maak dat ons matriekleerders gereed is om die toekomsgeleenthede met selfvertroue aan te gryp en dat elkeen die waagmoed sal hê om sy en haar vlerke te sprei. Ons missie is dat 2029 se matriekgroep diep spore in die skool én die wêreld sal trap.

Dit is van kardinale belang dat elke Liggie so gou as moontlik en by soveel as moontlik van die aktiwiteite sal betrokke raak en inskakel. Liggies funksioneer, kompeteer en neem met entoesiasme deel, omdat dit deel van 'n groter droom is. Dié wat nie op die veld is nie, is op die pawiljoen. Liggie-leerders is oor die algemeen meer by die skool as by die huis en dit is wat ons aanmoedig, want so maak almal maats, ontwikkel elkeen sy/haar potensiaal en word ingespan om met positiewe dinge besig te bly. Die feit bly staan: 'N BETROKKE LIGGIE IS 'N GELUKKIGE LIGGIE.

Liggie-ouers vorm 'n integrale deel van die skool se sukses en wese en ons wil u sommer by voorbaat bedank vir u positiewe betrokkenheid, aanmoediging en ondersteuning om te sorg dat elke nuwe Liggie 'n ware, gelukkige, betrokke en trotse Liggie sal word. Ons wil graag Liggie-legendes vol lewenslus vir die toekoms bou! Gebruik gerus hierdie inligtingstuk om u te vergewis van wat tydens die eerste maand van 2025 op u kind wag.

Graad 8 Liggies woon alle tuis sportbyeenkomste by, asook sekere ander aktiwiteite wat vooraf met hulle afgespreek sal word. Later in die jaar sal daar nog 'n paar geleenthede wees waar die graad 8's kans sal kry om hulle goeie gees en uitbundigheid op die pawiljoene te kom vertoon.

Ons vertrou dat u en u nuwe Liggie se verbintenis met Ligbron Akademie vir Tegnologie vol opwinding, avontuur, nuwe vriende, baie vreugde en wonderlike uitdagings sal wees. Die Liggie-familie vorm die springmat én die vangnet vir elke Liggie. Ons wil elkeen só laat tuis voel dat hulle die waagmoed sal hê om uit te vind, te leer, te vra, deel te neem en aan te pak. Mag hulle grense verskuif en nuwe wêrelde ontdek binne die geborge raamwerk van integriteit, lojaliteit, respek en ywer.

Indien enige iets vir u onseker laat voel, kontak gerus die skool by epos ontvangs@ligbron.co.za of skakel, die skool by 017-8115906

Liggie-groete



# BESTE GRAAD 8

Baie geluk met die beste besluit wat jy tot op hede in jou lewe geneem het. Jy het gekies om deel te wees van iets groots en wonderliks en jy gaan dit baie geniet, ongelooflik groei en van hier af die deure na jou toekoms oopmaak! Hierdie toekomstige familie van jou kan nie wag om jou ontmoet en jóú lag en gesels deel van óns lag en gesels te maak nie! Ons weet dat die graad 8-groep van 2025 'n uitsonderlike verskil gaan maak en as matrieks van 2029 die wêreld gaan verander!

**WAT KAN JY VERWAG BY LIGBRON AKADEMIE?**

- 'n Splinternuwe manier van dink en doen!
- Nuwe paaie, klasse, aktiwiteite, onderwysers en pret.
- 'n Groter wêreld – verbreed jou horison en groei saam.
- 'n Nuwe, fyner sin vir humor - dit is deel van alles by Ligbron. Wees gereed om jou lagspiere te ontwikkel!
- Nuwe vriende! Al die graad 8's is ewe vreemd en wees verseker, jy is nie die vreemdste nie! Maak jy die eerste skuif en stel jouself voor – jy is dalk net die vriend vir wie iemand anders gewens het!
- 'n Toekomsvisie. Ons mik nie net vir 2029 nie, maar stel die visier baie, baie verder.
- Sukses! Omdat dit lekker is om deel te neem, is ons baie suksesvol.
- Meer tyd by die skool as by die huis. Hier begin ons vroeg, met eerste lig, en maak klaar onder die spreiligte wanneer die son lank reeds onder is. Wees betrokke by alles, want so maak jy vriende vir die res van jou lewe.
- Hier kom groei jy saam met almal. Jou graad 8-jaar is die begin van die toekoms! Geniet dit voluit!

**WAARAAN MOET JY DEELNEEM?**

- ALLES! Wees orals betrokke! JY word deel van ons ALLES!
- Die wagwoord is: MAKSIMALE BETROKKENHEID!
- Moenie wag nie, sit daad by die woord en raak maksimaal betrokke!

**WAAR GAAN JY OM MEER UIT TE VIND?**

- Ons gaan jou oor alles inlig tydens die eerste paar weke van skool. Maak seker jy is reg om jou ore te spits en te VRA as jy onseker is!
- Jy kan ook navraag doen by ontvangs@ligbron.co.za waar mevrou Tessa Smith jou sommer vinnig sal help om met die regte mense kontak te maak.



**BBD vir die BBP**

**Baie Belangrike Datums vir Baie Belangrike Persone: Woensdag, 15 Januarie 2025**

Skool open!

NB!

**Nog Belangrike Inligting vir jou, ons BBP:**

Die kalender gaan vir jou 'n goeie idee gee van wat alles gaan gebeur. Plak dit op die yskasdeur en vra indien jy onseker is sodat jy altyd op die regte plek op die regte tyd sal wees!

- Hou ons webblad, die *Ligbron Akademie vir Tegnologie 1* groep op Facebook, en Instagram dop.
- Die eerste paar weke in 'n graad 8 se hoërskoolloopbaan is inligtingsweke, sodat jy volledig ingelig kan word oor aktiwiteite waarin jy belangstel.
- Doen ekstra moeite met gesonde kospakkies en water vir pouses, of ondersteun ons SS sodat jy reg is vir die vol, besige en opwindende dae by die skool – so bly jy maklik by.
- Wees wakker en raak deel van die aktiwiteite. Jy is welkom om iets nuuts te probeer, al het jy nog nooit daaraan deelgeneem nie!
- By Ligbron is daar altyd iemand wat graag sal help. Indien jy onseker is, steek jou hand op en VRA!







Sterkte met die laaste paar weke van jou laerskoollewe. Ons kan nie wag om jou te ontmoet en deel van die Liggie-manier en die Liggie-familie te maak nie!

Jou splinternuwe Liggie-familie





# LIGBRON-My Plek

**12-16 Januarie 2025**

**Sondag, 12 Januarie 2025**
Graad 8 koshuisleerders trek in
Koshuis ouervergadering 15:00 in eetsaal

**Maandag, 13 Januarie 2025**
*Skool en Finansies kantore
open om 07:00 to 18:00
*Gr8 koshuisleerders volg 'n program.

**Dinsdag, 14 Januarie 2025**
*Alle Gr8's moet 09:00 by saal wees vir verwelkoming
Kom in gemaklike klere. Bring water en 'n eetding saam!
Program eindig om 13:00.

**Woensdag, 15 Januarie 2025**
Jou eerste dag by die LIGGIES!
Verken die skool, ontvang handboeke.
Trek jou ondersteunershemp elke dag bo-oor jou skooldrag aan.

**Donderdag, 16 Januarie 2025**
LCA 18:30
(nie verpligtend nie)

**Maandag, 20 Januarie 2025**
Ondersteunershemp bo-oor skooldrag. Naambordjie en wurm moet gereed wees.





# Algemene Inligting

Ligbron se dag begin stiptelik om 07:30. Ons skool sluit daagliks om 13:50 Maandae tot Donderdae en Vrydae sluit ons 13:00.
**Boekwinkel tye**: 07:30 tot 15:00 Maandae tot Donderdae en Vrydae 07:30 tot 13:00
**Skool en Finansies kantore tye**: 07:30 tot 15:30 Maandae tot Donderdae en Vrydae 07:30 tot 13:00

**KLEREBANK**
Die klerebank is geleë by die LOS-sentrum en is oop tydens kantoorure.

**SKOOLFOOIE**
Vir inligting rakende skool- of koshuisfooie, besoek gerus die webtuiste of stuur `n e-pos na kassier@ligbron.co.za (skoolfooie) of koshuis@ligbron.co.za (koshuisfooie).

**BETALINGSMETODES**
- Kontantbetaling by die finansiële kantoor.
- Kaartfasiliteite beskikbaar by die finansiële kantoor.
  PayFast op skool se webtuiste
- Internetbetalings vir skoolfonds:
  NEDBANK
  Takkode: 146805
  Rekeningnaam: Ligbron Akademie
  Rekeningnommer: 146 802 8251 (skool)
  146 802 8278 (koshuis)
  Verwysing: Skool verwysingsnommer
- e-pos of faks bewys van betaling

**DAGSTUDENTE**
Daar is geleentheid om na skool 'n heerlike ete te geniet in die SS voor jy jou sport gaan beoefen!

***Baie belangrik! Groentjieskonsert:***
**MA – DO in jou registerklas**
**Oefentyd: 18:15 – 20:00**

# Skooldrag van 'n Liggie

Ouers word versoek om die voorgeskrewe skooldrag by die skool se Boekwinkel aan te koop. Dit bring eenvormigheid mee wat noodsaaklik is in die skool. Elke Graad 8 leerder ontvang 'n **gratis skoolbaadjie** vanaf die skool. Nuwe Liggies moet asb so gou as moontlik 'n **baadjie en ondersteuningshempie kom aanpas** by die Boekwinkel om groottes te bepaal. Ouers sal vind dat kwaliteit in ag geneem is en dat die beste waarde verkry word by die Boekwinkel. Pryse is by Boekwinkel beskikbaar. Daar is 'n klerebank by die skool waar tweedehandse klere beskikbaar is. Daar is 'n voorgeskrewe skooltas wat beskikbaar is by die Boekwinkel of by Highveld Office Supplies en Mr Cartridge.

**DOGTERS SOMERSDRAG**

1. ROMP en BLOES: skoolromp en kortmou ligblou bloes.
2. SKOENE: swart standaardskoolskoene met 'n plat hak en bandjies.
3. KOUSE: voorgeskrewe navy kort sokkies met streep.
4. TRUIE: slegs voorgeskrewe blou, moulose oortrektrui / langmoutrui.
5. KLEURBAADJIE: voorgeskrewe skoolkleurbaadjie.
6. JUWELE: slegs gewone polshorlosies; silwer of goue oorknoppies/-ringetjies (standaardgrootte en een per oorlob) word toegelaat. Let wel: geen steentjies nie. Seëlringe mag gedra word.
7. HARE: moet netjies wees.

**DOGTERS WINTERSDRAG**

1. ROMP: skoolromp of navy langbroek.
2. BLOES: ligblou langmou bloes.
3. DAS: voorgeskrewe skooldas.
4. KOUSE: voorgeskrewe, donkerblou sykouse.
5. SKOENE: swart standaardskoolskoene met bandjies en 'n plat hak.
6. TRUIE: voorgeskrewe, blou langmou of moulose oortrektrui
7. KLEURBAADJIE: voorgeskrewe skoolkleurbaadjie.
8. SERPE: slegs skoolserp, gedra volgens voorskrifte.

**SEUNS SOMERSDRAG**

1. HEMP: blou, kortmouhemp vir skooldrag.
2. BROEK: grys lang- / kortbroek.
3. DAS: voorgeskrewe skooldas.
4. KOUSE: grys lang kouse.
5. SKOENE: swart standaardskoolskoene met veters
6. TRUIE: voorgeskrewe, blou langmou of moulose oortrekrui.
7. KLEURBAADJIE: voorgeskrewe skoolkleurbaadjie.
8. HARE: Moet netjies wees.

**SEUNS WINTERSDRAG**

1. HEMP: blou, langmouhemp vir skooldrag.
2. BROEK: grys langbroek.
3. DAS: voorgeskrewe skooldas.
4. KOUSE: grys lang kouse.
5. SKOENE: swart standaardskoolskoene met veters.
6. TRUIE: voorgeskrewe, blou langmou of moulose oortrekrui.
7. KLEURBAADJIE: voorgeskrewe skoolkleurbaadjie.
8. SERPE: slegs skoolserp, gedra volgens voorskrifte.

**SPORTDRAG:**

Soos voorgeskryf vir onderskeie sportsoorte

**LET WEL:**

Ons stel voor dat geen sportklere voortydig aangekoop word nie – sportorganiseerders sal u in kennis stel indien sportdrag benodig word

**ONDERSTEUNERSDRAG:**

Voorgeskrewe Ligbron ondersteunershemp is beskikbaar by Boekwinkel.





## LIGGIE TEGNOLOGIE

Hier by Ligbron besef ons dat moderne tegnologie, soos selfone en slimhorlosies, deel van die leerders en ouers se kommunikasiewêreld uitmaak. Om selfone (of slimhorlosies) by die skool te hê as sulks, is nie teen die reëls van die skool nie, daarom is daar ‘n paar belangrike reëls waarvan almal bewus moet wees:

**Selfone**
Selfone moet ten alle tye afgeskakel wees tydens skooltyd, behalwe wanneer die onderwyser sê jy kan dit aanskakel vir werk, of tydens pouses in die SS.

Indien jou kind ‘n dringende oproep moet maak, kan hy/sy na Ontvangs toe gaan, waar hy/sy gehelp sal word.

Leerders is ten alle tye self verantwoordelik vir hulle selfone. Selfone moet nooit op plekke gelaat word waar dit verwyder of gesteel kan word nie. ‘n Selfoon moet liefs nie in sportsakke of tasse op die terrein gelaat word nie.

Ons stel sonder uitsondering die verantwoordelike en oordeelkundige gebruik van tegnologie voor en beskou dit as baie belangrik vir leerders om ook te leer wat die regte etiket ten opsigte van die gebruik daarvan is. Leerders wat hulleself skuldig maak aan die onoordeelkundige gebruik van tegnologie, sal strafpunte ontvang volgens die skool se gedragskode. Indien daar tydens toetse, eksamens of assesseringstake van tegnologie gebruik gemaak word, sal daar volgens die gedragskode van die skool ...menreëls opgetree word.

## OM DIE SKOOLTERREIN TE VERLAAT

Liggies probeer om nooit enige afsprake gedurende skoolure te reël nie, maar ons verstaan dat dit soms onmoontlik is om buite skoolure afsprake te kry. ‘n Leerder mag die skoolterrein slegs met toestemming van die ouer verlaat. Selfs wanneer ouers ‘n leerder by die skool kom haal vir ‘n afspraak of noodgeval moet die leerling uitgeteken word by Ontvangs. Leerders mag die skoolterrein slegs verlaat deur die hoofhek, nadat daar by die kantoor uitgeteken is. As ‘n leerder die skoolterrein moet verlaat tydens skoolure, moet die volgende prosedure gevolg word:

U reël vooraf per (geskrewe) brief of e-pos (ontvangs@ligbron.co.za) dat u u kind gaan kom haal. Die brief moet, waar moontlik, die presiese tyd aandui waarop die leerder afgehaal word, asook wie (naam en telefoonnommer) u kind kom haal indien u nie self sou kom nie.

Die kind toon dan die brief aan die begin van die betrokke vakperiode waarin hy/sy die klas moet verlaat aan die vakonderwyser en sê wanneer hy/sy die klas gaan verlaat. Die leerders sal dan vir u by Ontvangs in die administrasiegebou wag waar u hom/haar uitteken en ’n briefie ontvang om by die hek te kan uitgaan.

Geen leerder kan tydens ‘n periode uit die klas geroep word nie. Indien u dus nie vooraf gereël het nie, sal u asseblief moet wag tot die periode verby is.

Indien u kind by die skool siek word, moet hy/sy by die kantoor aanmeld. Ons sal u skakel indien u hom/haar moet kom haal en die leerder sal by Ontvangs vir u wag.

Ons doen ‘n beroep op u om skooltyd te respektee... ons te help om u kind te leer wat werktrots bete...

# Graad 8 Boekpakket

Vir u gerief is daar 'n volledige boekpakket met al die nodige skrifte en werkboeke te koop by die skool se Boekwinkel. Vir eenvormigheid sal ons verkies dat die boekpakket by die skool gekoop word.

- Gebruik asb gewone plastiek, nie DC-fix nie.
- Graad 8's word in voogklasse ingedeel.
- Elke boek se inligting kom regs bo-op die skrif, sien voorbeeld.

Naam en Van
Graad 8 ___
Vak: ________


**SKRIFTE INGESLUIT BY BOEKPAKKET**






# BELANGRIKE KONTAKTE

Maak gerus kontak met die persone verantwoordelik vir die aktiwiteit waarin jy belangstel

| | |
|---|---|
| **HOOF:**<br>Mnr. Gerhard Brand<br>gerhard.brand@ligbron.co.za  | **ADJUNKHOOF SENIOR**<br>Mnr. Antonie Swanepoel<br>senior.adjunk@ligbron.co.za  |
| **ADJUNKHOOF AKADEMIES**<br>Me. Lenie van Zyl – Akademie<br>akademie.adjunk@ligbron.co.za  | **ALGEMENE NAVRAE/ONTVANGS:**<br>Me. Tessa Smit<br>ontvangs@ligbron.co.za  |
| **KASSIER:**<br>Me. Tinkie Geldenhuys<br>kassier@ligbron.co.za  | **BEMARKING EN SKAKELING:**<br>Mej. Chrisné Venter<br>bemarking@ligbron.co.za  |
| **JEUGWERKER:**<br>Me. Saretha Ferns<br>jeugwerker@ligbron.co.za  | **HR KANTOOR:** <br>Me. Louise van Zyl<br>hr.manager@ligbron.co.za <br>Me. Rialette De Villiers<br>hr.admin@ligbron.co.za |
| **DISSIPLINE KANTOOR**<br>Mnr. Lappies Labuschagne<br>dissipline2ligbron@gmail.com  | **SPORT EN DISSIPLINE:**<br>Mnr. Pierre van Wyngaard<br>rugby@ligbron.co.za  |
| **INNOVATION HUB** <br>Mnr. Gerhard Prinsloo<br>prinsloo.cjg@gmail.com <br>Mnr Grové Eksteen<br>groveeksteen07@gmail.com | **KULTUUR:**<br>Me. Jean-Riette van Ede<br>amonettevanede@gmail.com  |
| **SKAAK:**<br>Mej. Andrea Janse v Rensburg<br>jvrandrea@gmail.com  | **KOOR:**<br>Mnr. Theunis Botha<br>theunis.botha.tc@gmail.com  |
| **ATLETIEK:**<br>Mnr. Tiaan Rossllee<br>tiaanrosslee2@gmail.com  | **NETBAL:**<br>Me. Mari Bosman<br>bosmanmari@gmail.com  |
| **RUGBY:**<br>Mnr. Pierre van Wyngaard<br>rugby@ligbron.co.za  | **GOLF:**<br>Mnr. Nickewy jv Rensburg<br>nickeyjvr10@gmail.com  |
| **HOKKIE:**<br>Me. Anneline Labuschagne<br>hockey@ligbron.co.za  | **LANDLOOP:**<br>Me. Madelein Landman<br>snymanmadelein@gmail.com  |
| **KRIEKET:**<br>Mnr. Gerhard Prinsloo<br>prinsloo.cjg@gmail.com  | **TENNIS:**<br>Me. Taryn Labuschagne<br>tarryn.wessels61@gmail.com  |
| **BERGFIETSRY**<br>Mnr. Theunis Botha<br>teunis.botha.tc@gmail.com  | **E-SPORT:**<br>Mnr. Gerhard Prinsloo<br>prinsloo.cjg@gmail.com  |
| **HENGEL**<br>Me. Jonie du Plooy<br>meraki.jonieduplooy@gmail.com  | **BUITESKOOL SPORT:**<br>Mnr. Pierre van Wyngaard<br>rugby@ligbron.co.za  |

Liewe Liggie

Eerstens wil ek jou gelukwens met jou keuse om deel te word van die Ligbron familie.

Hierdie is ‘n nuwe hoofstuk in jou lewe en jy is die skrywer. Met die beste onderwysers en maats wat jou ondersteun, het jy die geleentheid om net jouself te wees en die beste hoofstuk van jou lewe te skryf!

Ligbron bied ‘n magdom ontwikkelingsgeleenthede en platforms om jou talente en unieke persoonlikhede uit te leef.

Maak seker dat jy elke geleentheid met albei hande gryp voordat dit verbygaan.

Tydens jou nuwe hoofstuk sal jy om en by 1000 leerders ontmoet wat almal saam met jou die blou baadjie gaan dra. Hierdie reis gaan jou leer om hul te aanvaar as jou broers en susters wat saam gebind is deur hul passie vir die Ligbron familie en hul waardes vir mekaar.

Ligbron gaan jou huis word weg van die huis af, ‘n plek met verskillende verhoudings en ervarings wat jou gaan ontwikkel en nuwe dinge gaan leer. Die merkwaardige ding is dat jy jou plek gaan vind en jou liggie gaan helder skyn.

Ons hoop jy is net so opgewonde om deel te word van die Ligbron familie.

“Môre is aan niemand belowe nie, leef elke dag voluit!”

Groete

Jurgens Bezuidenhout



Liewe Graad 8’s

Ek is opgewonde om julle te verwelkom by ons skool!

Ons as LLB sien uit om saam met julle die uitdagings en die vreugdes van hierdie skooljaar aan te pak. Ek wil julle aanmoedig om julle liggies helder te laat skyn. Hierdie jaar gaan vol avontuur, groei, en geleenthede wees, en ek glo vas dat ons saam ‘n ongelooflike jaar gaan hê. Elkeen van julle het die potensiaal om te floreer by Ligbron en ‘n positiewe impak te maak op ons skool.

Mag elke dag vol leerervarings wees. Onthou, wees moedig, wees vriendelik, en wees bereid om elke uitdaging met ‘n positiewe gees te benader. Mag julle julleself elke dag uitdaag om die beste weergawe van julleself te wees en elke dag met nuwe moed en hoop aan te pak. Ons sien uit om hierdie nuwe hoofstuk saam met julle te begin.

Groete Kristen Lloyd



**Ligbron tradisies**:

Gr 8's word tradisioneel die Wurmpies genoem en van julle oupas en oumas het ook hierdie wurmlied jare gelede hier gesing!

## Wurmlied

Daar is n hele klomp wurms in die Ligbronskool

Daar is 'n hele klomp wurms wat leef van kool

Daar is langes, daar is kortes

Daar is maeres, daar is dikkes

Daar is 'n hele klomp wurms in die Ligbronskool

En net as ons wil slaap

So moeg van al die gaap.

Dan moet ons weer van vooraf

weer die hele klomp vermaak.



---

**Jou Liggie-gogga**

Tradisioneel bou ons Gr 8's ook 'n Liggie-gogga wat tot en met die Groentjieskonsert elke dag by jou gedra en vertroetel moet word! Wees kreatief – die beste gogga in elke klas wen 'n prys!

- Gebruik 'n 2L plastiekbottel as basis. Ontwerp en versier jou gogga. Omdat tegnologie en lig vir ons belangrik is, moet jou gogga 'n werkende liggie hê.

**Jou naambord**

Gebruik 'n A4 papier/karton en maak 'n naambord met die volgende inligting op:
Jou naam en van. Gee ook 'n interessante feit oor jouself. Plak ook 'n babafoto van jouself op die naambord.

Sê ook watter spesie jou gogga is en wat sy/haar naam is.
Jou naambord (om jou nek) en gogga is tydens skooltyd heeltyd by jou!

## Gogga en naambord word vanaf 20 Januarie gedra.

## Skoolgeskiedenis

In die vroeë 1940's het die NG- kerk en Ds NJ Veltman besef dat daar 'n behoefte is om die jeug in die handelsveld op te lei. Daar is begin om aandklasse in handelsvakke aan te bied en in 1958 het die Reddingsdaadbond finansiële hulp verleen en twee kommersiële skole is gestig. Een in Johannesburg en een in Ermelo. Die skool in Ermelo se naam was Hoër Handelskool Albert Hertzog en die eerste onderwyser was mnr J.H. Kotze. Mnr Koot Kruger was die eerste hoof van albei die skole gewees. In 1954 het mnr. P.J Heyl die eerste voltydse hoof geword. Die skool het in 1956 'n wettige geregistreerde staatskool geword.
Die handelskool was eers by die NG-kerk gewees in die Johanna- saal. Toe dié saal platgeskraap is, word Ligbron opgerig op die ou Johanna-saal se fondasie.

Mnr Heyl het bedank op 29 September 1967. Mnr G.B Jordaan word as hoof aangestel vanaf Januarie 1968. Dieselfde jaar het die destydse Transvaal Departement van Onderwys die skool se werkgewer geword. Die skool het ook dieselfde jaar sy 25ste bestaansjaar gevier. 'n Tekort aan tegniese vaardighede in die land het tot gevolg gehad dat die skool tegniese vakke soos : elektries, pas en draai en motorwerktuigkunde inbring. Teen 1977 het die skool na 'n volle geregistreerde tegniese skool verander met die naam Hoërskool Ligbron.

Meneer Jordaan tree na 19 jaar van diens af en sy opvolger is mnr. J.P Smith. In 1988 verander die skool se naam na HTS Ligbron. Dr C.J Bester volg hom op in 1992 – 1999. Meneer Dup van Rensburg word as hoof aangestel in 2000 en onder sy leierskap verander die skool se fokuspunt na tegnologie sowel as akademie. Om die verandering aan te dui, verander die skool se naam na Ligbron Akademie vir Tegnologie. Mnr. Gerhard Brand volg mnr. van Rensburg op in 2020 en Ligbron is vandag 'n unieke skool wat twee volledige studierigtings aanbied: akademiese sowel as tegnologiese vakke.

### Skoolwapen

Die betekenis van die skoolwapen :

**RAT :** Samewerking op die bedryfsgebied.

**GRAAF:** Arbeid, veral op die boerderygebied

**SKAAL:** Industrie

**LAMP:** Lamp van kennis wat alles bind en verlig

### Ons Leuse

**Facta Non Verba-** wat beteken **Dade, nie woorde** nie.

# ONS SKOOLLIED

*Oor die Hoëveld se deinings*
*het helde gestreef*
*om met vryheids-ideale*
*‘n volk te laat leef.*
*Die Hoëveld se lug het*
*met hemelse blou*
*die smart en verdriet en*
*vernieling aanskou.*
*Met dade, nie woorde, is*
*lewens gegee*
*dat ons op hul voorbeeld*
*‘n toekoms kan smee.*

*Ons skool gee aan ons nou*
*die durf en die moed*
*om ons nasie te dien, ja*
*met vuur en met gloed.*
*Voort in ons wandel sê ons*
*dan ook nou*
*“Facta non Verba”*
*so staan ons getrou.*

Ligbron Akademie vir Tegnologie 1

ligbronacademy_official

017-8115906

017-8115910

hoof@ligbron.co.za

**LUGFOTO VAN LIGBRON GRONDE**

